



Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 22

6 JULIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

Die skielike sluiting van skole, asook die vakansiedatums wat verander en vervroeg het, het sekere logistieke uitdagings na vore gebring. Van ons ouers het nou reeds hul vakansies bespreek en betaal en van ons leerders sal dus nie die eerste week by die skool wees nie, aangesien dit oorspronklik deel van die Junievakansie sou wees. Ons het volle begrip daarvoor en versoek u net om u kind se klasonderwyser per e-pos in kennis te stel van die afwesigheid.

MEDELYE

Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Rubin Heneke in graad 7D en Ruan Heneke in graad 4M en hul familie met die heengaan van hul oupa verlede week. Mag hul familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

PERSONEEL

Ons moes ongelukkig van mev. Schoeman afskeid neem, want sy het besluit om die onderwys te bedank om die privaat sektor te betree. Ons wens haar baie voorspoed toe vir die nuwe uitdaging in haar lewe. Mnr. Romano Sutton, wat reeds verlede kwartaal begin het om haar Wiskunde periodes oor te neem, sal tot die einde van die jaar in die pos aangestel word. Ons is oortuig dat hy 'n groot verskil sal maak by Laerskool Newtonpark.

TWEDE KWARTAAL RAPPORTE : PUNTEVERWERKING

Ons kon nie die laaste vraestelle skryf nie, want die skool moes voor die tyd sluit. Daar was ook leerlinge wat die eksamen gemis het as gevolg van Covid-19. Moenie bekommerd wees daarvoor nie, want ons het juis vir die doel genoeg punte deur middel van deurlopende assessering gedurende die kwartaal bymekaar gemaak, om dit te kan verwerk vir die rapportpunt.

Die leerlinge se rapporte sal in die eerste week van volgende kwartaal huis toe gestuur word.

HEROPENING VAN DIE SKOOL

Maandag 19 Julie 2021 is die datum wat die Minister van Onderwys aangekondig het wanneer die skole weer gaan heropen. Of dit wel die geval gaan wees, weet ons nie, want die positiewe Covid-19 gevalle bly toeneem. Die minister het gesê dat die finale besluit in die vakansie geneem

sal word. Ons vra dus vriendelik dat u asseblief op 'n gereelde basis die kommunikasiekanale van die skool, naamlik die D6 Communicator, Laerskool Newtonpark se Facebookblad en die WhatsApp-groepe sal dophou om die presiese datum van die terugkeer tot die skool te bevestig.

TERUGKEER NA DIE SKOOL

Daar is nog groot onsekerheid of al die leerlinge terugkeer skool toe en of die skole gaan voortgaan met sekere grade wat op alternatiewe dae skool toe kom. Sodra ek meer spesifieke inligting hieroor het, sal ek dit met u kommunikeer. Tans berei ons onself voor om al die leerlinge by die skool te ontvang sodat ons gereed is indien almal moet terugkeer skool toe. Om dit te verwesenlik het ons meer as 'n honderd enkelbanke laat maak sodat ons leerlinge ver genoeg van mekaar sit. Ons het dit juis getoets gedurende die eksamentyd en gesien dit honderd persent werk.

Ons het die graad R-klasse verdeel in drie klasse sodat hulle ook almal van volgende kwartaal af kan terugkeer skool toe. Mev. Dobson skuif volgende kwartaal na die ekstra graad R-klas. Die ouers sal in kennis gestel word watter leerlinge na haar klas toe skuif.

SKOOLTYE

Ons wil 'n dringende beroep op ons ouers doen om hul kinders betyds by die skool af te laai. Die afgelope kwartaal was daar gereeld ouers laat. Ons wil u versoek om vroeg genoeg te ry om u kind betyds af te laai.

Maak ook asseblief seker hoe laat elke graad by die skool afgehaal moet word, **want die leerlinge moet direk na skool opgetel word, omdat hulle nie naskool sonder toesig buite mag wees nie.**

Die skooltye is soos volg:

Graad R	:	07:45 – 13:00
Graad 1 – 2	:	07:45 – 13:30
Graad 3	:	07:45 – 14:00
Graad 4 – 7	:	07:45 – 14:15

Op Vrydae sluit die skool vir almal om 12:45.

MCNEWTONPARK SOSATIE-SENSASIE + RAISIN LEGENDS FONDSINSAMELINGS

Baie dankie aan elke ouer se ondersteuning met beide hierdie fondsinsamelings tot dusver. Weens omstandighede buite ons beheer het ons goed gedink om bestellings na volgende kwartaal aan te skuif en ook die verskaffers hiervan in kennis gestel. Alle bestelvoms en gelde wat reeds ontvang is word in veilige bewaring gehou en nuwe datums sal weldra bevestig word. Die goeie nuus is dat daar nou 'n uitstekende geleentheid is om na meer mense uit te reik om bestellings in te win!



SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal. Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	LAERSKOOL NEWTONPARK
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	1400490089
TAKKODE	632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE VAKANSIE



TER AFSLUITING

Baie dankie vir u volgehoue en lojale ondersteuning in hierdie onseker tye. Dankie aan elke onderwyser, nasorgdame, administratiewe- en terreinpersoneellid wat die ekstra myl gestap het terwille van ons kinders. Ek kan met dankbaarheid sê dat ons al die akademiese doelstellings wat daar was bereik het. Ons kon ook sien hoe ons graad 1- tot 3-leerlinge se akademiese standaard drasties verbeter het toe hulle elke dag kon skool gaan.

Die buitemuurse aktiwiteite kon nie aan die gang kom nie, maar ons wil elke gesin aanmoedig om met 'n fiksheidsprogram tuis te begin vir die hele gesin. Deur gesond te leef sal ons net meer weerbaar wees teen die gevaarlike siekte wat soveel van ons mense siek maak.

Ek wens almal 'n baie genotvolle vakansie toe. Vir diegene wat tuisbly, wens ek lekker winterweer met 'n kaggelvuur, 'n dik storieboek, Wimbledon-tennis en lekker rugby op die televisie toe. Vir julle wat êrens heen ry, ry asseblief versigtig, en kuier lekker waar die weer dalk beter is.

Bly gesond, dra u masker, saniteer gereeld en handhaaf sosiale afstande. Kom ons bid saam vir goeie reën in ons omgewing.

Ek sal u op hoogte hou van enige nuwe inligting wat deurkom.

Vriendelike Newtonparkgroete.



SKOOLHOOF

E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za

Tel : 0846935318